

22 April

Skrifgedeelte: Filippense 4:2-9

Fokusgedeelte: Filippense 4:6

Begeertes wat met danksegging aan God bekend gemaak word

Die oproep “om altyd bly te wees” klink na iets wat nie heeltemal haalbaar is nie. Jou omstandighede is dikwels van so 'n aard dat jy geen rede sien om bly te wees nie. Daarby vreet besorgdheid oor allerhande sake ook nog aan jou blydschap.

Dit is goed om te onthou dat Paulus se omstandighede uiters haglik was toe hy hierdie woorde geskryf het. Hy was in die tronk en was nie seker of hy lewend daar gaan uitkom nie. Nogtans kom die oproep tot voortdurende blydschap in hierdie brief op 'n tyd toe Paulus se omstandighede baie sleg was.

Ons fokusgedeelte gee 'n belangrike sleutel hoe dit moontlik is om bly te wees ten spyte van slegte omstandighede en onsekerheid oor die toekoms. As kinders van die Here het ons die voorreg om na te God gaan. Ons kan spesifiek ons begeertes met gebed en smeking aan God bekend maak.

En ook met danksegging bid. Ja, danksegging maak 'n baie belangrike deel uit van 'n gebed wat deur God verhoor word. In ons gebede moet ons God dank vir dit wat Hy in die verlede gedoen het, dit wat Hy vandag nog in ons lewens doen, en dit wat Hy in die toekoms sal doen. Hy het ons verlos deur sy Seun. Hy sorg steeds vir ons en laat alles ten goede meewerk vir sy kinders. Hy kom met die wolke van die hemel en dan sal ons die vervulling van al sy beloftes sien.

Wie God se daade raaksien en Hom dank, het rede vir oorfloedige blydschap.

Sing: Psalm 81:12 (1936)

Ds ASA de Bruyn (Wilropark)